24 Julie 2022

FAMILIE TUISBLAD

Lukas 11: 1-13

Kommunikasie in enige sportspan is baie belangrik. Dink vir 'n oomblik aan jou geliefkoosde spansport. Wat sou gebeur as die afrigter nie kon praat en 'n span afrig nie? Of as die afrigter in 'n vreemde taal gepraat het en die span hom/haar nie kon verstaan nie? Wat sou gebeur as spelers op die veld nie met mekaar kon kommunikeer nie? Dit sal chaos op die veld wees! Niemand sal weet wat om te doen of hoe om saam te werk nie en die afrigter sal nie die span kan help nie.

Net soos met kommunikasie op die sportveld, is kommunikasie tussen ons en God baie belangrik. Dit noem ons natuurlik gebed!

Lees: Lukas 11:1-13 en Matt 6:9-13

Gesels:

- Watter tipe gebede sien julle raak in die Onse Vader?
- Waar, wanneer en hoe kan ons vandag bid?
- Hoekom antwoord God nie al ons gebede (op die manier wat ons dink) nie?
- Op watter verskillende maniere kan ons nog met die Here praat?

Bid:
Lees die Onse Vader gebed in Matt 6: 9-13 in die 1953 vertaling met die slot by "aan U behoort... Amen". Dit is hoe die meeste mense dié gebed ken. Sing dit ook saam (Liedboek 266). En probeer om hierdie week dié gebed te memoriseer.

Doen:
Druk die gebedsblokkie en gebruik dit om elke dag hierdie week op verskillende maniere te bid:
https://dinkjeug.co.za/wp-content/uploads/2022/06/Onse-Vader-gebedsblokkie.pdf

---

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **mense in die Bybel se gebede** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za